Suid Afrikaanse Stoeifederasie
South African Wrestling Federation

Mnr HP. Van Heerden
Bloemstraat 29
POTCHEFSTROOM
2531

SEL: 082 701 5616
FAX: 086 567 5616

E-POS: hpvh@vodamail.co.za

21 Januarie 2009

WEB PAGE:- http://www.wrestling.org.za

OMSENDSKRYWE 01/2009

Die Uitvoerende Bestuur en wens almal 'n voorspoedige nuwe jaar toe en vertrou dit gaan 'n wonderlike jaar vir ons almal wees.

Neem asb kennis van die volgende belangrike punte en verseker asb dat die inligting na almal in die vereniging versprei word.

ADMINISTRATIEWE RAAD SAKE

ADMIN KURSUSSE - 2009:
Daar gaan die jaar weer 2 S.A. Admin kursusse wees: Op 31 Januarie 2009 per streek en op 14 Maart 2009 te Pretoria tydens die Limpopo Ope.
Die name van die persone wat die Admin kursus gaan bywoon van die Stoeiverenigings moet op 26 Januarie 2009 na die onderskeie kursusleiers gestuur word.
Admin Beamptes wat gaan optree tydens die S.A. Gradering – soos die lys wat uitgestuur is - moet die Admin Kursus op 31 Januarie 2009 bywoon om te kan optree.

S.A. GRADERINGS TOERNOOI.
Die S.A. Graderings gaan plaasvind te Benoni. Stoeiverenigings moet let op die sluitings datum vir die inskrywings, ouderdomme, massas, die inweeg datums en tye.Stoeiverenigings se Hoof Spanbestuurder moet asb die Vrydag en die Saterdag 'n paspoort afskrif van al hulle stoeiers wat deelneem aan die S.A. Graderings inhandig by die Admin. Die stoeiers wat nie paspoorte het moet nou dadelik aansoek doen vir 'n paspoort.

SA KLEURE:
Stoeiverenigings moet asb voor of op Vrydag 30 Januarie 2009 al hulle Admin Beamptes se name wat alreeds SA Kleure ontvang het (met datum wanneer dit ontvang is) aan Lollie vd Berg stuur. Dit sluit alle Admin Beampte, aktief of onaktief, in.

ADMIN BEAMPTES:
Stoeiverenigings moet asb so gou moontlik fotos stuur van Admin Beamptes wat nog nie id-kaartjies het nie.

Stoeiverenigings moet asb bewys van betaling van registrasiegeld deurstuur na Lollie vd Berg. Indien bewys van betaling nie ontvang is nie, word die Admin Beampte as nie-geregistreer beskou. **Geen Admin Beampte mag optree as hy/sy nie geregistreer is nie.**

ADRES VERANDERINGS:
Stoeiverenigings en Stoeiklubs wie se Voorsitter/President en Sekretaris verander gedurende die jaar moet die inligting tesame met hulle kontak besonderhede self versprei.

Die SASF gaan nie die inligting versprei nie

FILA REGISTRASIE VAN STOEIERS:
Aangeheg is die vorm vir nuwe Fila lisensie aansoek.

Vorm tesame met 'n kleur paspoort foto moet aan gestuur word. Moenie foto nie e-pos. Pos die foto na die Sek. Gen.

Fila registrasie gelde word verhoog na R1000.00 per stoeier.

Bewys van betaling moet aan die **SASF se Tesourier en Sek. Gen gestuur word**.

OUDERDOM EN MASSA LYS VIR S.A. GRADERING.
Sien aangehegde brief.

ONTWIKKELING SAKE

Kan die veeenigings wat nog nie vir Mr Jan Bezuidenhout laat weet het waar hulle ontwikkelings matte is nie dit asseblief so gou as moontlik doen. Indie hy nie spoedig van u hoor nie bestaan die moontlikheid dat die mat teruggeneem kan word, want dan beteken dit die vereeniging gebruik nie die mat nie.

Ontwikkelings Komitee
Lede:
Hein Els.
Johan Ferreria.
Ravindren Naidoo

BEAMPTE RAAD SAKE

1. **SEMINAAR**:Beampte seminaar vind plaas op 7 Januarie 2009 te Umluzi Lake in Sekunda. Daar word van elke vereeniging verwag om te minste een verteenwoordiger by die seminaar te hê.
   Indien 'n vereeniging nie mense by die seminaar kan hê moet hulle asseblief die saak dringend op skrif sit met motiveering en dit aan die Sekretaris-Generaal stuur vir aandag die President Mr Putter.
2. **VLOEISTOF INNAME TYDENS WEDSTRYDE:** "n Afrigter mag onder geen omstandighede vir sy stoeier vloeistof (Water ens) gee tydens 'n wedstryd nie. Hierdie optrede sal lui tot 'n onmiddelike rooikaart.
3. **VERHOOR:** In die toekoms sal die beampte raad sy eie verhore hanteer en sodoende probeer om verhore so gou moontlik af te handel. Die uitslag sal voor die uitvoerende bestuur gelê word vir bekragtiging. Die persoon sal nog steeds sy reg tot apel hê sou hy dink die verhoor was onregverdig.
4. **OORSKERMS:** In die toekoms is dit nie meer verpligtend vir dames stoeiers om oorskerms te dra nie. Maar indien hulle verkies om daarmee te stoei moet dit die goedgekeurde skerms wees.

AFRIGTER SAKE

1. SASAR REGISTRASIES 2009

Slegs amptelike registrasie vorms, volledig ingevul met bewys van betaling sal aanvaar word. Registrasie en betaling aan C. Lottering Faks 017 632 1406 e-pos calotter@mweb.co.za Registrasie gelde vir '09 is R100 tot en met 28 Februarie en laat registrasies R120. Ontwikkelings registrasies R20 vir die 1ste jaar, R40 vir 2de jaar en volle registrasiegelde vir 3de jaar registrasie.
Afrigters wat tydens die SA Gradering wil optree moet alreeds tydens die byeenkoms geregistreer wees.

2. SASAR KURSUSSE 2009

Die Nasionale kursusse en gradering sal die jaar op 28 Maart in die PWV gebied en op 22 Augustus in die kus streek plaasvind.
Beide kursusse sal op dieselfde basis aangebied word.

Afrigters wat op nasionale byeenkomste wil optree moet sorg dat hulle die nasionale kursus bywoon. Afrigters wat **nie in 2008** die nasionale kursus bygewoon het nie, sal eers na bywoning van die eerste kursus in Maart by nasionale aangeleenthede kan optree. Die besluit is reeds in 2008 geneem en was duidelik in SA Omsendskrywe 01/2008 van 23 Januarie 2008 uit eengesit.

Besonderhede van kursus 28 Maart 2009 :

- Venue: Noord Gauteng Stoei Saal
- Eksamen: Vlak 1 & 2 Vrydagaand 27 Maart om 19h00
- Mediese Kursus sal deel wees van kursus. Afrigters word herrinner dat hulle verplig is om bewys te lewer van bywoning van mediese kursus. Alle afrigters moet in besit wees van geldige mediese kursus sertifikaat.
- Name van afrigters wat wil eksamen doen, moet deur Verenigings skriftelik bevestig word voor of op 28 Februarie 2009 by Esta Van Zyl evanzyl@phumelela.com
- Kursus bywoning en Praktiese toetsing van Vlak 3 & 4 sal Saterdag 28 Maart plaasvind.
- Registrasie Vrydag aand vanaf 17h00
- Name van afrigters wat wil opgradeer vir Vlak 3 & 4 moet ook skriftelik bevestig word deur verenigings voor of op 28 Februarie 2009 by evanzyl@phumelela.com
- Name van afrigters wat kursus wil bywoon en nie wil opgradeer nie, moet skriftelik deur gegee word aan evanzyl@phumelela.com voor of op 14 Maart 2009.
- Verenigings moet asb kennis neem dat indien die name van afrigters ontvang is vir eksamen skryf of kursus bywoning, sal die verenigings verantwoordelik gehou word vir die inskrywingsgelde, indien die afrigters nie opdaag nie.
- Inskywingsgelde R220. (sluit nie mediese kursus gelde in nie)

3. OEFENKAMPE

Daar sal vier oefenkampe in 2009 plaasvind, en meer besonderhede volg in volgende omsendskrywes:-

- 20 – 22 Maart oefenkamp en uitdaag wedstryde
- 8 – 10 Mei oefenkamp en uitdaag wedstryde
- 10 – 12 Julie oefenkamp en uitdaag wedstryde
- 11 – 13 September oefenkamp en uitdaag wedstryde

4. NASIONALE OEFENING

Voorlopig is daar net twee datums:-

- 28 Januarie 2009 (Noord Gauteng Stoei Saal)
- 25 Februarie 2009 (Primrose Stoeiklub)

Oefeninge vir 2009 sal wissel tussen Pretoria en Primrose. Verdere oefen datums en tye sal na gradering in SASAR omsendskrywe versprei word.

5. **PROVINSIALE KURSUSSE**

Vereenigings word versoek om datums van hulle provinsiale kursusse in te stuur vir die Afrigters Komitee. Ons wil graag weet waar en wanneer dit plaasvind sodat ons 'n lid kan afvaardig om dit by te woon ten einde die kursus te evalueer en hulp aan te bied waar nodig. Stuur asb meer as een datum deur.

6. INTERNASIONALE DEELNAME

Beplanning sal gedoen word om spesifieke oefen reëlings vir internasionale deelname te tref. Die komitee lede sal die verkose lede bystaan met die voorbereidings.

Stoeiers moet asb intussen solank verseker dat alle paspoorte nog geldig is.

7. **NOMINASIE VIR BUITELAND TOERE:**

Afrigters moet aantoon by nominasie watter styl - Vrystyl of G-R. of Vroue.

Afrika Senior LL,G-R, LF.
Afrika Junior LL,G-R, LF.
Afrika Kadet. LL, G-R, LF.
Wereld Junior. LL, G-R, LF.
Wereld Senior. LL.G-R, LF.
Statebond Kampioenskappe - Senior - LL, G-R, LF.

Nominasies sluit op 9 Februarie 2009 by die SASF se Sek. Gen.

HULP TESOURIER SAKE

Neem asb kennis van die volgende punte vir die stoeier registrasies van 2009

Registrasie gelde

Registrasie	Bedrag	Opmerkings
Gewone stoeier - Eerste Lid	R70.00	
Gewone stoeier - Tweede Lid	R70.00	
Derde en meer uit dieselfde gesin	Gratis	• Dui asb duidelik aan hoeveelste lid van gesin anders sal volle registrasiegelde gehef word. • Indien daar stiefbroers/susters betrokke is, dui asb aan bv. AP Joubert is familie van G Marais.
0/6 jaar	Gratis	• In die geval waar daar 3 of meer lede uit een huisgesin is, en een van die stoeiers is 'n 0/6 jaar stoeier, moet twee van die ander stoeiers as 1st en 2de aangedui word aangesien die 0/6 jaar stoeier alreeds nie registrasiegelde betaal nie. • Inligting van 0/6 jaar stoeiers moet soos 'n gewone registrasie deurgegee word.
Gegoede ontwikkeling stoeiers 1ste Lid	R70.00	Word handteer dieselfde as gewone stoeiers registrasies
Gegoede ontwikkeling stoeiers 2de Lid	R70.00	Word handteer dieselfde as gewone stoeiers registrasies
Gegoede ontwikkeling stoeiers 3de lid en meer uit dieselfde gesin	Gratis	• Dui asb duidelik aan hoeveelste lid van gesin anders sal volle registrasiegelde gehef word. • Indien daar stiefbroers/susters betrokke is, dui asb aan bv. AP Joubert is familie van G Marais
Gegoede ontwikkeling stoeiers 0/6 jaar	Gratis	• In die geval waar daar 3 of meer lede uit een huisgesin is, en een van die stoeiers is 'n 0/6 jaar stoeier, moet twee van die ander stoeiers as 1st en 2de aangedui word aangesien die 0/6 jaar stoeier alreeds nie registrasiegelde betaal nie. • Inligting van 0/6 jaar stoeiers moet soos 'n gewone registrasie deurgegee word.
Behoeftige stoeiers – Alle rasse	R10.00	• Toegewing van drie en meer uit een gesin is nie van toepassing nie • Bewys van behoeftige stoeiers moet saam met die oorsponklike registrasie deurgestuur word. All briewe moet deur die klus se Voorsitter en Sekretaris bevestig word.
Kinderhuis/Weeshuis Stoeiers - Alle rasse	R10.00	• Toegewing van drie en meer uit een gesin is nie van toepassing nie • Bewys van kinderhuis/weeshuis stoeiers moet saam met die oorsponklike registrasie deurgestuur word. Slegs briewe met kinderhuis/weeshuis se amptelike stempel

		daarop sal aanvaar word.
Registrasie Kaarte	R10.00	

1. Let wel dat indien die nodige dokumentasie nie saam met registrasie gestuur word nie, sal alle registrasies gedoen word as gewone registrasies.

2. Indien die registrasievorm nie volledig ingevul is met die stoeier se volle name, ID-nommer en Klub nie, sal die registrasie nie aanvaar word nie al is die registrasiegeld betaal.

3. Stoeiverenigings word versoek om asb geen onvolledige registrasies vanaf Klubs te aanvaar nie. Stel 'n registrasievorm op wat die Klubs moet indien as hulle stoeiers registreer en moet geen registrasies op stukkies papier aanvaar nie.

4. Maak asb gebruik van die SASF se stoeiers registrasievorm.(beskikbaar op aanvraag)

5. Indien vorms met die hand ingevul word, doen dit asb in drukskrif en met 'n swart pen.

6. Alle stoeier registrasies word by die Hulp-Tesourier gedoen word.

7. Alle bestellings vir registrasiesëels en registrasiekaarte moet op skrif gedoen word.

8. Alle stoeiers wat aan die SA Gradering toernooi wil deelneem in Februarie moet reeds teen die 4de Februarie geregistreer wees.

9. **'**N Stoeier is alleenlik geregistreer as sy/haar volledige registrasievorm met nodige dokumentasie en bewys van betaling deur die Hulp Tesourier ontvang is.

10. Geen stoeier mag aan 'n Toernooi deelneem as hy/sy nie geregistreer is nie. Alle aktiewe stoeiers moet geregistreer word, al oefen hy/sy net.

11. Alle stoeiers moet die vrywarings vorm onderteken, en Vereniging Sekretaris moet dit in veilige bewaring hou.

Sekretarisse van Stoeivereniging om asb toe sien dat die bogenoemde inligting, aan alle Klub-Voorsitters en Sekretarisse deurgegee word.

Hou asb in gedagte dat indien die klub die registrasie van die begin af korrek doen, is daar baie min probleme vir die Vereniging en Federasie.

Indien enige onduidelikheid, skakel gerus vir Anna Addinall by 011 916 1117 of 0828014791. E-pos annaa@telkomsa.net

SPANBESTUURDER SAKE

- **Vergadering's** By SA's/Vrydae na stoei

- **Kursusse** **Streek 1** (Leon Faasen, Frederick Coetzee, Irene Schutte)
  Sen G / O.G / MP / Limp
  Streek 2 (Jan Bezuidenhoud, Deserie van der Walt)
  Sed / NW / NFS / SFS / NK / Natal
  Streek 3 (Michael Luff, Jan Etzebeth)
  OP / Boland / WP

  Namibie???

- **Werksindeling -** sal gedoen word na die kursusse

- **Inligtingstuk** - Ons beplan om 'n inligtingstuk aan die publiek op te stel. Ons beoog om bv

  Top 20 vrae en antwoorde wat die algemene publiek wil weet.

  Bekrywing van tipe kompetisies
  Beskrywing van loting
  Basiese stoei reels ens.

- **Toere** Beplanning is uiters belangrik vir ons om vroeg in die jaar te doen.

  Ons soek alreeds nominasies wat ons op wil besluit by SA Graderings

- **Kontak** per e-mail met alle Prov. Spanbestuurders t.o.v Spanbestuurders Reels en Regulasies. / Registrasie

REGSADVIES KOMITEE:

Voorsitter - Jannie Taljard.

Lede.
Dale Hinrichsen en Neels de Jager.

Pieter van der Schyf - Regs Adviserder

Vriendelike Stoeie Groete